Ontmoeting 5

Mefiboset - Die kreupel seun kom woon in die paleis

Dawid ontferm hom oor Jonatan se seun.

Teks: 2 Sam 4:4; 2 Sam 9:5-13; 2 Sam 16: 1-4 en 14-30

Hulpmiddels:

- Bykomstighede vir die karakters in die storie
- Kopieë van die verskille-prentjie
- Patroon van ’n kroon en versierings

WELKOM

Maak groepies van drie. Twee maats in die groepie maak ’n sitplek met hulle arms deur aan mekaar se hande vas te hou. Die derde kind klim op die “sitplek”. Wanneer die teken gegee word, hardloop al die spanne resies tot by die eindpunt. Indien die passasier afval, moet die span weer by die beginpunt begin. Die eerste span wat by die eindpunt kom, is die wenners.

WYDING

Temalied: “God hou van kindertjies”

Stilword-ritueel: Doen dieselfde ritueel met Psalm 23 soos by die vorige ontmoetings.

WOORD

Vertel die storie met behulp van rollespel. Die verteller lees die verhaal terwyl die kinders dit opvoer.

Verteller: Mefiboset het saam met sy hele familie in sy oupa, Saul, se paleis gewoon. Eendag het daar oorlog uitgebreek en hulle moes vlug. Mefiboset se oppasser het met hom gehardloop. Sy het gestruikel en met hom geval. Sy voete het baie seergekry en van daardie dag af was hy kreupel.

Mefiboset se pa, Jonatan, en sy oupa, Saul, het in die oorlog gesterf. Jonatan se vriend, Dawid, het die nuwe koning geword. Eendag vra Dawid vir Siba, sy werker, of daar nog enige van Saul se familie lewe. Hy sou graag vir hulle wou sorg omdat hy dit lank terug aan Jonatan belowe het. Siba sê toe dat Jonatan se kreupel seun, Mefiboset, nog lewe. Dawid stuur vir Siba om vir Mefiboset te gaan haal.

Dawid het hom in sy huis laat bly en vir hom gesorg. Dawid het ook al Mefiboset se oupa, Saul, se besittings en grond aan hom gegee.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder wie is jy in die storie.
3. Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.

WERSKAF

- Lees weer die storie en voer dit vir mekaar op.
- Maak ’n kroon en versier dit.
- Soek die 7 verskille en kleur die prentjie in.

Sluit af met die seënbede.